# Hoe moet ek dit verstaan? 21

# Kry wat jou hart begeer (Psalm 37:4)

Psalm 37:4 is nie ’n blinde belofte dat God enige begeerte van jou hart sal vervul as jy net genoeg bid of goed genoeg glo nie. Dit is deel van ’n lied oor vertroue in God te midde van onreg en bekommernis. Die hele lied kontrasteer die gelowige se lewenswyse en -ingesteldheid met dié van die goddelose, en die digter verseker ons dat die skynbare voorspoed van die goddelose nie iets is waaroor jy jou moet moeg maak nie (vers 3 en 7).

Die psalm as geheel (vgl vers 1) moedig jou aan om nie jaloers of bekommerd te wees oor die sukses van goddelose mense nie, maar om eerder op God te fokus. Teenoor die verganklikheid van die goddelose (vers 28) staan die gelowige se sekerheid en vertroue op die Here, wat aan sy kind gee wat hy nodig het.

Hoe om dit te verstaan:
“Hy sal jou gee wat jou hart begeer” is nie ’n “wenslysie”-belofte nie. Dit gaan eerder daaroor dat jy jou al hoe meer in God moet verlustig, want dan sal jou begeertes al hoe meer met God se wil ooreenstem. God gee dan dikwels daardie begeertes – nie omdat Hy ’n genie in ’n lamp is nie, maar omdat jou wil besig is om met sy wil saam te smelt. Jy begeer dinge wat Hom verheerlik en vir jou goed is.

Dit sluit aan by ander Skrifgedeeltes soos Matteus 6:33 (beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee) en Johannes 15:7 (As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.)

Dit gaan dus oor hartverandering, en nie manipulasie van God nie. Baie mense dink die digter sê dat God ons hart se begeertes moet vervul as ons net genoeg vreugde in Hom vind. Maar die vers belowe eerder dat God ons hart self sal vorm

sodat ons begeer wat Hy wil gee. Hy gee nie sonde, selfsugtige rykdom of dinge wat ons van Hom af wegneem nie. Hy gee dit wat pas by 'n lewe van vertroue en gehoorsaamheid.

Psalm 37:4 is 'n pragtige belofte van vervulling, maar dit begin by 'n veranderde hart wat in God self vreugde vind. Dan word sy wil jou begeerte – en Hy vervul dit getrou. Dit bring diep rus te midde van 'n wêreld vol bekommernis. Hierdie versekering is vir ons van onskatbare waarde wanneer ons dag vir dag gekonfronteer word met die gevolge van moord en doodslag, roof en geweld. Dit sê vir ons: Moenie aanvaar dat die bose tog sy sin gekry het nie. Moenie glo dat jy weerloos staan nie. En moet veral nie moed verloor, boedel oorgee of op 'n hopie gaan lê nie. Dieselfde God wat lank gelede al deur die psalmdigter vir gelowiges gesê het: "Laat julle lewe aan die Here oor", sê daardie selfde ding ook nog vandag vir my en vir jou.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026